VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 3

31 DESEMBER 2020
HERDERSBRIEF #2C
NUWEJAARSBOODSKAP

Ten opsigte van die inperking en die Covid19-pandemie: word ons weer eens tot verantwoordelikheid opgeroep.

Ons vertrou op die Here, vir 'n "geopende deur", om die Coronavirus te hanteer.

Ter inleiding tot hierdie herdersbrief, het ons twee rigtinggewende Skrifverwysings naamlik: ***Joh. 14:6*** *"Jesus antwoord hom:* ***Ek is die weg*** *en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"* en ***Jes. 40:3*** *"'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn* ***die weg*** *van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!"* Dit vra ons aandag vir die feit dat: **Jesus die weg is**, en dat hierdie weg 'n voorbereiding van elkeen van ons vra. Dit is die totaliteit van EKD se mandaat. Die leierskap en die personeel moet hiervan kennis neem, dat ooreenkomstig God se uitverkiesende verordinering – ***Joh. 15:16*** – ons deur God geroep is, om **gekwalifiseerd vrug te dra**.

Die vraag kan wel gevra word, wat hierdie **"WEG"** bepaal en in hoe 'n mate dit my oorgawe beïnvloed. Saam met die Charismatiese-beweging, is daar meriete vir die volgende drie standpunte:

- "In Christus, deur Christus, ter wille van Christus."
- "With Christ in the vessel we can smile at the storm."
- Daar is 'n behoefte by elkeen van ons, om die **GELOOFSPAD** in gehoorsaamheid aan **Sy Gees** te volg en vanuit Sy lewe – opstandingslewe te leef.

**DIE GELOOFSPAD**

Behels die volgende:

- Dit is 'n persoonlike pad;
- Dit is 'n pad van kontak – kollektief, koöperatief;
- Dit is 'n profetiese pad – progressief openbarend;
- Maar dan ook die ontdekking te maak, dat hierdie geloofspad van **"eksellensie"** spreek.
- En om dan seker te maak, wat dit beteken toe God in ***Hand. 9:15***, dit uitdruklik gespesifiseer het, dat *"Sy weg"* en *"my weg"* 'n vooraf verordineerde wilsbeskikking beteken – die hoë roeping in Christus – dit is die bediening, dit is die opdrag, dit is die missie om uitvoering te gee aan God se verordineerde wil, binne-in 'n spesifieke tydgleuf, bepalend en oorheersend sal wees. Dat die doel waarom ons betrokke is, is om God se doel te dien.

Ons moet kennis neem, dat ***"JESUS DIE WEG"***, vir die afgelope meer dan 2000 jaar, profeties aangekondig en gedemonstreer was. Daar was o.a. in die verloopstruktuur van die kerkgeskiedenis 'n fase van – lofprysing en aanbidding – geïmplementeer. Tydens gemelde fase was dit dus die **EKSELLENSIE** vir daardie spesifieke tydgleuf wat aangekondig moes word. So, het die kerkgeskiedenis verloop – as deel van die ***JESUS WEG*** wat gedemonstreer was en profeties aangekondig was. So het die ***JESUS WEG*** deur die verloop van die kerkgeskiedenis verloop.

Dit bring ons spesifiek waar ons onsself tans bevind, met 'n spesifieke opdrag om die **"EKSELLENSIE"** van hierdie fase naamlik **EENHEID – BRUID/BRUIDEGOM-VERHOUDING** – aan te kondig en te leef.


15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Welmenende gelowiges word voortdurend in die dag waarin ons lewe gekonfronteer, met verskillende standpunte – veral teologiese stellings – wat egter noodsaaklik is en 'n behoefte is, om te verstaan wat dit alles behels.

Gedurende die Ou Testamentiese verloopstruktuur, sowel as die verloop van die kerkgeskiedenis, moes ons kennis neem van verskeie manne wie instrumenteel was, om Jesus Christus, se ***"WEG"*** aan die mensdom te demonstreer, of anders gestel om Jesus se ***"WEG"*** te implementeer. *Noag, Abraham, Dawid, asook die profete* en dan uiteindelik ook die *kerkgroepering* word opgeroep om 14de geslag te wees – ***Matt. 1:17***. Dan, meer spesifiek die verwagting dat die aanneming tot seunskap – ***Gal. 4:5*** – ontvang en gedemonstreer sal word.

Ten besluite is daar twee waarskuwende tekste wat tot ons gerig word naamlik:

***Matt. 21:43*** *"Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die* **VRUGTE DAARVAN SAL DRA***"* Ons kan dit nie bekostig om die inhoud van hierdie brief slegs op sekere mense van toepassing te maak nie. As 'n geheel is dit elkeen se verantwoordelikheid om die konsep van hierdie brief – die wegbereiding van die **"WEG"** – te verstaan en ons onsself daartoe verbind om in gehoorsaamheid uitvoering daaraan te gee.

Die tweede teks. Ten opsigte van eie prestasie, eie visie, eie gawes, eie bediening, eie aspirasie, toe te laat om in passiwiteit, ons misleidend te bind. Veel eerder te verstaan dat daar is 'n meer uitnemender weg – ***1 Kor. 12:31***.

Ek het dus net een gebed wat ek aan die begin van die nuwe jaar bid en elkeen by EKD daarby insluit: ***"O, PLEASE LET ME WALK WITH YOU JESUS."***

Ds. J.F. Landmann
Presiderende leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335